


Pieterrella van die Kaap



KATHY SAMUELS

Langebaan Leeskring

Pieterrella van die Kaap is die lewensverhaal van Pieterrella van Meerhoff, wie se lewe in die Kaap, waar sy gebore is, begin het en ook daar geëindig het. Daar waar Salomon so tereg gesê het: 'Die Kaap was Pieterrella se vaderland.'

Voorblad

Dit beeld die geskiedenis uit en is baie veelseggend. Die skepe op die agtergrond het die mense gebring wat alles aan die Kaap kom verander het. Krotoa-Eva met haar kleredrag van vel wat aan die Kaap was

voordat die Europeërs gekom het en Pieterrella wat die beskawing uitbeeld wat die Europeërs gebring het.

Tyd

Die laaste helfte van die sewentiende eeu tot knap in die agtiende eeu.

Milieu

Die verhaal speel af in die Kaapse nedersetting van ná 1652, Robbeneiland en op die eiland van Mauritius wat almal deur die Here Sewentien van die Generale Vereenighde Nederlantsche Geoctroyeerde Oostindische Compagnie (VOC) regeer was. Oortreders en lasposte is na hierdie eilande verban waar hulle tot voordeel van die VOC ingespan is. Dit was in die tyd van buitelandse slawe, inheemse stamme, besturende hoëlui en die vryburgers. Witmuur rietdakhuisies met groen luike waarin die Europeërs gewoon het, het die Kaap versier, terwyl palmblaarhuisies hoofsaaklik op Mauritius gebou was. 'n Bootreis na Mauritius het toe bykans twee maande geduur. Perdekarre en ossewaens was die enigste vervoermiddels. Besittings is in 'n bondel gebind of in kiste gepak wanneer iemand op reis gegaan het. Daar was geen winkels nie en broodnodige lewensmiddele soos rys, koringmeel en sout is by die losie of Kasteel gekoop. Die vryburgers moes vir hulleself voorsien deur 'n koei aan te hou vir melk, vis te vang, 'n bok te skiet of selfs skilpaaie te kook. Hulle moes hulle eie klere maak of laat maak van klederstof en garing wat ook by die Kasteel of losie te koop was. Hulle mag niks by die skepe gekoop of geruil het nie. Slegs die Kompanjie kon met die skepe handel dryf.

Karakters

Die verhaal is oortrek met 'n verskeidenheid karakters waarvan Pieterrella en haar moeder, Eva, ongetwyfeld die hoofkarakters is. Daniel Zaaijman, Pieterrella se eggenoot, beklee ook 'n onmiskenbare rol daar sy werklike geluk saam met hom gevind het. Dit wil voorkom of Eva 'n baie intelligente en onafhanklike vrou was. (Eienskappe wat dikwels in Matthee se karakters weerspieël word.) Hierdie eienskappe was ook kenmerkend van Pieterrella. Sy het 'n buitengewone lewe gelei. Matthee se dialoog is buitengewoon en bekwaam en stel Pieterrella as 'n werklike en denkende karakter voor aan die leser deur haar verset. Sy het geweier om na Mauritius te gaan en moes gedwing word. Sy moes ook gedwing word om terug Kaap toe te kom. Pieterrella onthou haar ma baie goed en vind baie baat

by die advies wat sy van haar gekry het. Dwarsdeur die verhaal balanseer Matthee die elemente in Piernella se lewe, naamlik liefde en skaamte vir haar verwerpte moeder, die onpersoonlike mag van die VOC teenoor die klein individu, 'n slavin wat vryer as 'n vry vrou was en die orkane en die blou waters van die eiland Mauritius, hemel en hel saamgebind in een doek.

Die saambind van hemel en hel in een doek, geld egter nie net vir die eiland nie, maar word ook van toepassing gemaak op die slavin, Anna. Anna is 'n enigmatiese en interessante karakter. Dit is jammer dat hierdie vermenging van hemel en hel, van goed en kwaad nie ook in al die karakters teenwoordig is nie. Talle karakters is eerder stereotipies of selfs karikature. Tant Theuntjie is, byvoorbeeld, die stereotipiese bouse stiefma van sprokies. Die leser maak ook kennis met die inwoners wat destyds aan die Kaap woonagtig was en hulle gewoontes, naamlik, die setlaars en die Khoi en hulle verhouding met mekaar, ook met die pioniers op Mauritius.

Die verteller

Die verteller is Piernella self en Matthee wys ons die Kaap deur die oë van die veertienjarige dogter. Matthee het dit so gestruktureer en gestileer dat Piernella vanuit haar hede terugvertel. Eers word vertel uit die oë van 'n kind en later van haar lotgevalle asook die hoogtepunte en laagtepunte uit haar moeder se lewe. Die terugvertelling is nie chronologies nie. Dit is 'n diskontinuiteit soos Krotoa se lewe moes gewees het en daardeur dan ook eintlik 'n herstrukturering van die geskiedenis sodat dit lewend is. Dit onderdorpel jou in oortuigende besonderhede van voorwerpe, gebruike, natuurlike verskynsels, gebeurtenisse en tydsgees in beide die Kaap en Mauritius van die laaste dekades van die sewentiende eeu. Die seevaart is met wonderlike verbeelding en met breedvoerigheid beskryf met Piernella wat hierdie ontdekkings met haar lewe aan die Kaap vergelyk, sodat die skip vir haar soos 'n houtgans wat op die water dryf, lyk. Sy fokus net op die diere aan boord sodat sy haar ligging kan bepaal, skaapkant en hoenderkant. Dit is 'n lang verhaal maar dit verloor nooit sy vitaliteit en kapasiteit om te verras nie en is baie meer interessant omdat dit op ware feite gebaseer is.

Die verhaal

Die merkwaardige verhaal van twee vroue wat in twee wêreldes leef. Krotoa van die Goringhaikonastam word in die tyd van die

VOC-bewind aan die Kaap in Hollandse sosiale kringe opgeneem. Sy het 'n besondere aanleg vir tale en verander in die teenwoordigheid van die Hollanders na Eva, Van Riebeeck se tolk. Maar telkens as daar vleisnood is, moet sy weer haar velklere aantrek om by haar mense te gaan vee ruil. Drank kry toenemend 'n houvas op haar en sy gaan agteruit, word as onkruid na Robbeneiland verban. **Piernella van die Kaap** is egter nie in die eerste plek die verhaal van Van Riebeeck se tolk en onderhandelaar, Krotoa/Eva, nie. Soos die romantitel aandui, gaan die roman eintlik oor die wedervaringe van Eva en Pieter van Meerhoff se dogter, Piernella. Die verhaal van Eva word aangebied as Piernella se herinneringe oor haar ma en vertellings van haar ma terwyl Piernella se ervarings op see en haar verblyf in Mauritius verreweg die grootste deel van die roman beslaan.

Na haar ma se vroeë dood, moet sy die Kaap verlaat. Sy trotseer 'n uitputtende seereis om as voogkind 'n nuwe lewe te begin op Mauritius - die strafeiland met sy orkane, droogtes en ander ontberinge. 'n Jeugdige huwelik word haar redding. Soos haar ma is Piernella ook die slagoffer van twee wêreldes - aan die een kant word sy hoofsaaklik opgevoed deur Hollandse pleegouers (aan wie sy deur die kerk toegesien word omdat haar ma weens alkoholisme nie meer vir haar kan sorg nie) en is sy uitgelewer aan die willekeurige besluite van die VOC oor haar en aan die ander kant het sy liefdevolle herinneringe aan haar moeder deur wie sy ook die oorleweringe en tradisies van die Goringhaikona leer ken, maar sonder dat sy ooit deel word van die stam. Teenoor al twee hierdie wêreldes staan sy ambivalent. Sy is besonder geheg aan haar moeder, maar sy is skaam vir haar moeder se gedrag wanneer Eva haar te buite gaan aan drank. Die mooi herinneringe aan haar ma is dus die wat te doen het met haar stamgebruike - veral ook te sien in die groot waarde wat sy heg aan die kleipot wat sy en haar ma saam gemaak het en waarvan sy enkele skerwe haar lewe lank met haar saamneem. Piernella het egter, anders as haar ma, die geleentheid om deel te word van die Europese gemeenskap en slaag uiteindelik om die twee wêreldes te versoen al bly sy ook afwysend teenoor baie van die Hollanders se gebruike.

Eva leer die wêreld van die Hollanders ken en leer om met ander oë na haar eie mense te kyk en ervaar dat sy ook 'Hollander' gekry het weens haar kontak met

die Hollanders. Wanneer een van die vroue uit haar stam volgens stamgebruik met kieres doodgeslaan word na owerspel, kry Eva nie die vrou se pleitinge uit haar ore nie, want die Hollandermense het haar ore gevat. Weens haar blootstellings aan die Europese denke is sekere gebruike van haar eie stam nie meer vir haar aanvaarbaar nie. Aan die ander kant is sy ook juis as buitestaander in staat om die onregverdigheid van die Kompanjie se stelsel raak te sien. Die onvermoë om die twee wêreldes te versoen, is grootliks die oorsaak van Eva se alkoholisme en agteruitgang.

Oor tyd en afstand heen bly Piernella bewus van haar verbintenis met Eva. Veral wanneer 'n binnestorm in haar opsteek omdat sy wit en bruin in een lyf is. Hoe sal haar kinders lyk? Sy raak op 'n pynlike manier bewus daarvan dat sy ook nie regtig in een van die twee wêreldes hoort nie, wanneer Tant Theuntjie haar beskryf as 'n 'halfslag-Hottentotin' (p.267). Sy staan skepties teenoor die vroomheid en skynheiligheid van baie van die Nederlanders wat in die naam van hulle Here (die Here Sewentien) skreiende dade pleeg. (Eva se verwarring tussen die Here as God en die Here van Amsterdam, bestuurder van die VOC, is nie alleen 'n plesierige stukkie woordspel nie, maar skreiende kommentaar op die Kompanjie wat sy optrede op die gesag van God regverdig.) Die twee wêreldes het ook hulle verskillende gode - waarvoor Piernella nooit kant kies nie. Sy bid gemaklik tot 'God onse Vader - Gounja Tikwa - enigets wat in die hemel woon' (p.241). Wanneer prediker Hoffman vir Eva uitvra oor wat die Hottentotte God noem, antwoord sy dat die Hollanders die Hottentotte se god verwilder het en hulle godloos en sonder naam gelaat het (p.268). Dit is in hierdie tussenin-wêreld dat Piernella probeer om nie 'n halfslag-Hottentottin te wees nie, maar 'n mens: 'n heel mens. 'n Regte mens' (p.268).

Tot 'n groot mate is dit haar man, die onafhanklike Daniël Zaaïman, wat haar die ruimte gun om 'n eie identiteit te ontwikkel. Hy besweer ook haar grootste vrees, dat een van hulle kinders moontlik meer op haar ma se afkoms sal terugslaan, deur hulle dogtertjie Maria met net soveel (of meer) liefde te aanvaar as hulle kinders met 'n Nederlandse voorkoms. Maar in 'n bestel waar 'hemel en hel in een doek toegesknoep' is, kom sy daartoe om volwaardig haar plek in te neem. En die soel Maria blyk die onweerstaanbaarste van haar vier dogters te wees - Eva se ewebeeld.

Dalene Matthee laat die vroeë geskiedenis van die Kaap, van die baneiland, Robbeneiland, en Mauritius uit ou joernale, dagboeke en geskiedenisboeke opstaan en lééf. Daardie dele van die verlede waarvoor ons nie inligting het nie word ingevul deur haar verbeelding sonder om die bestaande 'feite' oor die verlede in die gedrang te bring. Dit is inderdaad met fyn besonderhede oor die leefwyse in die sewentiende eeu wat Matthee beïndruk. Die ongesonde en gevaarlike omstandighede op 'n VOC-handelskip word sorgvuldig beskryf. Die haglike situasie van matrose, passasiers (veral vroulike passasiers) en mense in diens van die VOC word ook deur die leser beleef en is onthutsend. Kenmerkend is ook Matthee se gebruik van humor wanneer sy alledaagse opvattinge van die tyd beskryf, byvoorbeeld, 'Hottentotvroue wat in krale woon, gaan dood as hulle bloei en aan koue water raak. Hollandervroue wat in huise woon gaan nie daarvan dood nie' (p.241).

Eva, 'n miskende figuur in die geskiedenis, kom nou in hierdie deeglik nagevorste roman tot haar reg deur die oë van haar skrandere en gevoelige dogter, Pieterella.

Kritiek van resensente

Barry Hough

Hierdie lywige nuwe roman van een van Suid-Afrika se gunsteling skrywers is 'n bonusboek.

Jane Rosenthal

Her latest work, **Pieterella van die Kaap**, is a mother of a novel; substantial and wise. It is a fascinating life story.

Frederick de Jager

In sulke deeglikheid sit groot integriteit aan die outeur se kant.

Mariette van Manen

Deeglike navorsing skep belewenis van 'n tydperk.

Eie kritiek

Die roman begin effe aan die stadige kant, maar geleidelik word die leser deur die interessante wêreld en leefwyse van die sewentiende eeu meegesleur en later is 'n mens regtig bly dat die roman so dik is, dat die lekerterte aanhou. Alhoewel die roman die leser herinner aan die ou-Kaapse verhale is daar geen voorspelbaarheid nie. Ek het lanklaas 'n boek so terdeë geniet.

Nota: Hierdie resensie is ontvang voor die afsterwe van Dalene Matthee.